Desember 2010 No 32

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor Wiehahn Victor

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uit die Voorsitter se pen	2 - 3
3.	Chemiese Spuitstowwe	3
4.	Report on guava Campaign 2010	4 - 5
5.	Verbruikerstudie Olimpiade	6
6.	Hortgro SA	7
7.	Boomsensus Statistiek	7
8.	Kersgroete	8

UIT DIE VOORSITTER SE

KOEJAWEL-OES 2010

Na weer 'n goeie nat winter was die oes oor die algemeen goed. Omdat Kraaifontein se koejawels baie laat ryp geword het, het dit die gehalte beïnvloed. Die koejawel-oes van 2010 was min of meer dieselfde as die vorige jaar.

DIE INMAAK MARK

Die inmaakbedryf is maar nog steeds onder druk as gevolg van die sterk Rand en die ekonomiese resessie.

DIE SAP MARK

Ons hoop en vertrou dat die verwerkers die voorraad van hierdie oes verkoop sal kry sodat hulle die 2011 oes kan begin met min of geen voorraad.

DIE VARSMARK

Die varsmark was goed voorsien en die gehalte op die winkelrakke was van 'n goeie gehalte. Vars koejawels met sy goeie eienskappe bly steeds 'n gesorgde produk vir die verbruiker

KOEJAWELS IN DIE NOORDE

Verwelksiekte is 'n groot bekommernis vir die produsente in die Noorde.

DIE AFGELOPE JAAR

Ek wil my dank en waardering uitspreek teenoor die bestuur, Lethu Marketing, die verwerkers vir hul bydrae gelewer die afgelope jaar.

DIE PAD VORENTOE

'n Moeilike seisoen met baie uitdagings wag dus op die bedryf vir die komende tyd. Ons moet egter positief wees en die 2011 jaar met hoop en goeie gees begin.

'n Vreugdevolle Kersfees en Voorspoedige 2011 word aan almal toegewens.

Dos Joubert
VOORSITTER

CHEMIESE SPUITSTOWWE

Die Vereniging het weereens hierdie jaar Chemiese Spuitstof ontledings vir die bedryf laat doen by Hearshaw and Kinnes laboratory te Kaapstad. Altesaam 153 ontledings van vars koejawels vanaf vyf verwerkers is gedoen. Die bedryf het hierdie ontledings nodig om aan die vereistes van die kopers te voldoen.

REPORT ON GUAVA CAMPAIGN 2010

We have reached the end of 2010 guava season.
Funds were only available from May 2010 and this had an impact on the efficacy of the campaign. As a result the campaign was limited to :

1. A limited public relations campaign
2. A promotion in food service outlets in the Western Cape
3. A leaflet drive through Shoprite/Checkers and Spar

The proposed recipe book and electronic activity were put on hold. These projects are to commence in January 2010 prior to the guava season.

1. PUBLIC RELATIONS

   The campaign was limited to a press drop because of the late start. Guavas had received extensive coverage in the previous year and other fruit, like pomgranates, were in the spotlight this year.

   Despite this, we obtained extensive mention in the press especially in nutritional/health features. The fact that guavas lead the field in Citamin C was repeated in many articles. Guavas were also mentioned in many recipes.

   Guavas featured in 63 articles, 16 pictures and a 10 minute TV shot om AgricTV. Actual reach was 3.7 million.

2. FOOD SERVICE DRIVE

Sir Juice distributed guava information leaflets, coasters, wobblers and table tents highlighting the benefits of guavas, to many of their customers in the Western Cape. They are prepared to continue with this exercise and are monitoring sales through the respective hotels, B & B's and restaurants. Stocks of material are still available.

Sir Juice would like to extend this campaign to Gauteng, their major market.

3. SHOPRITE / CHECKERS & SPAR

The guava information leaflet was inserted into packs of guavas free of charge by Shoprite/Checkers and Spar.
A limited number of leaflets were made available for Fruit and Veg City via Dewsdale farms.

The focus on guavas over the past 3 years has increased awareness of guavas and reintroduced this fine fruit into the minds of the onsumer. The mutritional benefits of guavas will still be a leading element of any campaign as will the versatility and taste of this fruit.

Les Nel -
Lethu Marketing

VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE

Die Vereniging het weer vanjaar 'n borgskap aan die Verbruikerstudie Olimpiade, wat deur die Universiteit Stellenbosch gereël word, toegeken.

Die doekwitte met die ondersteuning is :

- Om koejawels te promoveer onder verbruikerstudie (voorheen Huishoudkunde) skole en leerders.
- Om 'n dydrae tot transformasie / opleiding aksies te maak.

Die Verbruikerstudie Olimpiade is vanjaar vir die 27ste keer aangebied. Die kompetisie, wat landwyd gehou word, het bestaan uit 'n totaal van 5304 (Graad 11 & 12) leerders. Meer as 1500 skole is landswyd uitgenooi om deel te neem waarvan 217 skole ingeskryf het vir die Olimpiade.

Die prysuitdeling het plaasgevind op 23 September 2010 te Infruitec Stellenbosch. Tydens die verrigtinge het leerders en skole met groot opgewondenheid hul pryse in ontvangs geneem en kon weereens reklame vir koejawels gedoen word.

Besoek ons Webwerf

www.guavaproducers.co.za

Skryf vir ons 'n briefie

victor@guavas.co.za

HORTGRO SA

Die Koejawel Produsente Vereniging (KPV) het op 17 November 2010 lid geword van die Hortgro SA groepering. Die groepering verteenwoordig produsente van appels, appelkose, droëvrugte, inmaakvrugte, kersies, olywe, perskes, pere, pruime en proteas.

Die groep is 'n nie-winsgewende organisasie wat in belang van sy lede optree en dien as mondstuk om sake van gemeenskaplike belang te dryf. Die fokus is op die hortologie industrie en sal waar nodig koördinasie en ondersteuning bewerkstellig.

Die Voorsitter, mnr Dos Joubert, sal die KPV in die Forum verteenwoordig. Die Forum behoort 'n platvorm te skep waar sake van gemeenskaplike belang hanteer kan word.

BOOMSENSUS STATISTIEK

Die Vereniging het gedurende 2010 'n koejawel boomsensus onder sy lede gedoen. Die statistiek verkry uit die sensus is slegs korrek tot dié mate wat produsente bereid is om inligting te verskaf. Tog toon die gegewens dat daar 'n stygende tendens van hektare oor 'n vyf jaar periode is.

Die gegewens toon dat daar net meer as 'n kwart miljoen koejawelbome in die Wes-Kaap in die grond is en dat dit 547 hektaar beslaan. Porterville is die grootste distrik met 155 hektare, terwyl Kraaifontein 123 hektare bome het.

Baie dankie aan almal wat die boomsensus ingevul en teruggestuur het.

Die Voorsitter, Bestuurslede asook die personeel van die

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n Voorspoedige 2011



The Chairman, Members and staff of the

GUAVA PRODUSERS ASSOCIATION

Wish you a joyful season and a prosperous 2011